Tema: Prys die Here vir tweede kanse met jou hele lewe

Vooraf sang
Lied 188: 1,3
Lied 200:1,2

Ontmoetingsdiens
Intreelied Ps. 32 – 2: 4
Votum
Seën
Lofsang Ps. 107 – 1: 1,3,10.

Woorddiens
Gebed
Skriflesing: Jesaja 38
Teks: Jesaja 38: 17 – 20
Woordbediening.

Antwoorddiens
Sing Lied 203: 1
Liefdegawes
Gebed
Sing Ps. 105 – 2: 1,2
Seën;
Sing Sb 20 – 2: 7.

Geliefde brs en srs

Ek dink daar is min mense wat hulle in die situasie waarmee koning Hiskia gekonfronteer was, kan indink. Miskien mense wat al met kanker of een of ander dodelike siekte gediagnoseer is. Hulle verstaan dalk iets van wat Hiskia beleef het. Die Here stuur vir ds. Jesaja na die koning om vir hom te sê dat die Here besluit het dat sy lewe verby is. Hy moet sy gesin groet, sy testament opstel en sy sake reël. Sy tyd is verby!

Wat ’n geweldig ingrypende aankondiging! Enige gelowige wat hierdie boodskap van die Here ontvang sal terugsteier en inmekaar sak van skok en ongeloof. Des te meer in Hiskia se geval omdat jy lees van die mooi en goeie dinge wat Hiskia as koning gedoen het. Vandat hy koning geword het, het hy Israel teruggelei na die Here toe. Hy het die afgodsdienspraktyke stopgesit en hulle altare afgebreek. Ons lees ook die interessante ding dat Hiskia die koperslang wat Moses nog in die woestyn gemaak het, vernietig het omdat die volk afgodsoffers daarvoor gebring het.

So lees ons in **2 Kon 18:5-7: ”** Hiskia het op die Here die God van Israel vertrou. Nie een van al die konings van Juda voor of na Hiskia was soos hy nie. Hy was getrou aan die Here en het nie van Hom af weggedraai nie. Hiskia was gehoorsaam aan die gebooie wat die Here aan Moses gegee het. Die Here was by Hiskia, en Hiskia was voorspoedig in alles wat hy onderneem het".
En nou, hier uit die bloute, kondig die Here aan: Hiskia ek het besluit dit is nou jou tyd!

En daarom kan ons ook Hiskia se reaksie verstaan. Hoe hy met die Here geworstel het. Luister weer na sy gebed: “Ag, Here, neem tog in ag dat ek voor U in trou en met volle oorgawe geleef het en dat ek gedoen het wat reg is in u oë.” Hiskia het bitterlik gehuil." Hiskia pleit by die Here vir sy lewe! **Brs en srs ons kan baie goed met Hiskia hier identifiseer. Elkeen van ons sou ook so by die Here gepleit het!**

En dan gebeur die wonderwerk! Die Here besluit om Hiskia genadig te wees en om Hom nie nou te laat sterf nie! Ds. Jesaja was nog nie eers by sy huis nie toe die Here hom laat omdraai om vir Hiskia te gaan sê dat die Here sy gebed verhoor het en dat hy nog 15 jaar sal lewe!

Wat ’n groot genade! God gee vir Hiskia ’n tweede kans.

Brs en srs, ons almal het al een of ander tyd gewens dat ons 'n tweede kans kon kry op baie dinge in die lewe. 'n Kans om te kan reg maak wat ons verbrou het of om beter te doen as wat ons gedoen het. Miskien 'n kans om daardie groot fout van jou lewe reg te maak. Dalk van ons kankerpasiënte wat vandag nog bid en pleit om ’n tweede kans.

Dalk ’n tweede kans om hierdie sonde waarmee ek so worstel onder die knie te kry! Miskien ’n tweede kans om met iemand te gaan regmaak waar ek verhoudinge verbrou het! Ja, ons almal hoop een of ander tyd op ’n tweede kans!

Koning Hiskia kry ŉ wonderlike kans: hy kry ŉ tweede kans om te lewe!

Geliefde gemeente: ons kry egter nog meer! Die tekens van brood en wyn wat ons vanmore ontvang het, is **die simbole van God se genade en vergifnis in Christus**. Hierdie genade in Christus beteken dat ons elke dag van ons lewe tweede kanse kry! Ek en jy kan elke dag nuut met God begin. Ons kan elke dag nuut met die lewe begin. God se genade en vergifnis maak elke dag ŉ tweede kans.

Ons kan **elke dag** vergifnis van ons sonde vind! Ons kan **elke dag** by God die krag ontvang om nuut te lewe en weer opnuut met onsself en met mense in verhoudinge tree. Ons is en bly nie gebind deur ons sonde nie! Wanneer ek my sonde voor God ken en bely neem God dit weg en kan ek nuut begin**! Elke dag** kan ek uit die liefde van God leer hoe om lief te hê en ook stukkende verhoudings met daardie liefde te herstel. Niks is ooit te laat nie! Wat ŉ wonderlike troos!

Hoe is dit moontlik? Hiskia gebruik in vers 14 ŉ baie spesifieke woord wat vir ons aandui waarom dit moontlik is. Hy bid volgens die letterlike vertaling: "Here, ek is benoud, **wees U my borg**". En dit is presies wat Christus vir ons is! Hy is ons Borg.

Wat is ŉ borg? Ter wille van ons kinders: ŉ borg is iemand wat belowe dat hy vir my sal betaal as ek nie kan betaal nie! Of om dalk ŉ meer bekende beeld te gebruik: wanneer jy aangekla word van ŉ misdaad en die polisie jou in die tronk sit – soos vir Oscar Pretorius – dan betaal jy ŉ som geld as "borg" sodat jy uit die tronk kan kom tot met jou verhoor.

Iemand of iets anders betaal in jou plek – dit is wat Christus vir ons gedoen het. Hy het met sy lewe vir ons sonde betaal. Maar meer nog! Christus staan nog steeds vir ons borg! Sy borgskap is nie afgehandel nie! Hy tree nog elke oomblik in die hemel in by die Vader as ons borg! Hy herinner ons Vader gedurig aan sy versoeningswerk sodat God ons genadig kan wees.
Brs en srs, wat ŉ wonderlik uitkoms en genade!

Wanneer kry ŉ borg werklike betekenis in my lewe? Wanneer ek besef ek kan nie self nie! Hiskia kon nie self sy lewe verleng nie! Ek kan my nie self gesond maak nie! Ek kan niks doen aan die kanker of ongeneeslike siekte nie. As ek min middele het om van te leef nie dan besef ek die waarde as iemand vir my intree en vir my voorsien! As ek siek en swak is en ek is afhanklik van ander mense dan besef ek die waarde van iemand wat my help!

As ek nie self kan betaal en regmaak vir ŉ verskriklike sonde wat ek gepleeg het nie – dan besef ek die waarde as Christus intree en sê: moenie bekommer nie – ek sal betaal!

As ek verhoudinge in my lewe opgemors het met my eiewilligheid en selfsug en ek in my hande huil oor verspeelde kanse en ŉ persoon met wie ek daardie verhouding opgemors

het, kom na my toe en sê: toemaar ek vergewe jou – kom ons maak reg! Dan besef jy die waarde van ’n borg.
As ek geen hoop het nie en nie weet wat die toekoms inhou nie en iemand anders kom om my te verseker dat Hy elke dag daar sal weet om te sorg – dan besef ek die waarde van ’n borg!

Ja hoe heerlik om te weet: Ek het geen sondeskuld voor God nie! Ek is vry! Ek kan elke dag weer nuut begin! Ek kry elke dag tweede kanse vir alles wat ek wil regmaak of vir alles wat ek nog moet doen vir die Here. Wat ’n heerlike uitsig op ons lewe!

En daarom die boodskap vanaand: Prys die Here vir tweede kanse met jou lewe!

Want die vraag, geliefde br. en sr, is: Wat maak ek en jy met ons tweede kanse? Gryp ons dit aan met die blydskap en vreugde wat dit verdien?

Kom ons leer vanaand by Hiskia leer uit hierdie lied twee dinge wat ons moet doen met ons tweede kanse in die lewe!
Ek fokus nou op verse 19 en 20 van sy lied.
Die oorhoofse tema van Hiskia se danklied is dat Hy God loof en prys vir sy tweede kans. Maar hy doen dit op twee maniere:

Ek wil doelbewus met vers 20 eerste begin: Hier leer Hiskia ons dat dit ons pas om uit **dankbaarheid die Here hier in die eredienste te kom loof en prys vir die tweede kanse wat Hy ons bied.** Hy wil die Here met harp en lier in sy huis kom loof – sy hele lewe lank.

Ons kom dus erediens toe ook om met ons teenwoordigheid hier, ons saamwees, ons aanbidding met gebed en lofsange en prediking **die Here te dank vir ons tweede kanse**. Ons saamwees hier moet dus gekenmerk word met vreugde en blydskap! Elke dag is in Christus ’n tweede kans – waarvoor anders kan ek meer bly en dankbaar wees. En dit moet duidelik blyk uit die manier wat ons hier saamkom!

Sommige mense beperk hulle lofprysing net tot die liedere wat ons Sondae hier saam sing en daarom sê Hiskia ook in vers 19: **ons hele lewe moet ’n loflied tot eer van God wees**. Elke dag se lewe voor God is ’n loflied! Hoe ek eet, drink, slaap, speel, werk, liefhet, dien, stil wees, kinders grootmaak, kind wees in my ouers se huis, student wees, skoolwerk doen – ja – elke liewe woord en daad is ’n loflied waarmee God geprys word. In die ouer vertaling lees vers 19 so: **” Die lewende, die lewende sal U loof, soos ek vandag!”** Die lewende – ’n herhalende uitroep: met die totaliteit van my bestaan – prys ek die Here vir elke dag se tweede kans!

Brs en srs, mag die Here gee dat ons so sal antwoord waarop ons vanmore van die Here sigbaar en tasbaar ontvang het, maar wat ons ook elke dag uit sy hand ontvang: my en jou tweede kans.

Kom ons leer ook by Hiskia hoe ons dit nie moet verspeel nie. Ons lees in hf. 39 dat die koning van Egipte gehoor het van Hiskia se wonderbaarlike herstel van sy dodelike siekte en het ʼn afvaardiging na hom gestuur met geskenke. Hiskia was so gevlei in sy eer dat die koning van Egipte so reageer dat hy toe die afvaardiging op ʼn toer deur die hele paleis neem en spog met sy kosbare skatte en al sy wapens. Hy hou dit aan hulle voor asof die alles sy handewerk was en nie as gawes van die Here nie**. Jy kan dit nie glo nie – dieselfde man wat so by God gepleit het vir sy lewe – vergeet nou skoon van die Here! Nou is dit net sy skatte, sy wapens, sy eer en sy glorie!**

Weer moes ds. Jesaja by die paleis huisbesoek gaan doen en weer met ʼn slegte boodskap. "Hiskia omdat jy nie aan God die eer gegee het nie, sal die Here jou straf en sal hierdie goed waarmee jy so gespog het, weggevoer word na Babel."

Br en sr, daar is nie ʼn groter genade as ʼn tweede kans nie! Mag die Here ons deur sy Gees help dat ek en jy dit nie verspeel nie. **Kom ons prys die Here met ons hele lewe!**

Amen.